LIBERTY

Own your life

# Amptelik in 'n groeifase

**Deur Kevin Lings, ekonoom, en Melissa Dryer, Stanlib**

Noudat die wêreldwye ekonomie amptelik 'n groeifase betree het, is die vraag of dit volhoubaar is.

Die IMF (Internasionale Monetêre Fonds) se wêreldwye ekonomiese vooruitsig vir Oktober 2009 wys dat die wêreldwye resessie byna verby is, maar dat 'n gedempte herstel voorlê. Wêreldgroei vir 2010 is opwaarts hersien na rofweg 3%.

Gedurende Augustus het Amerika se toonaangewende ekonomiese aanwyser met effens minder gestyg as wat verwag is. Hierdie aanwyser bestaan uit 10 onderliggende komponente soos geldvoorraad en die gemiddelde aantal werksure. Dit is daarvoor bekend dat dit betroubare voorspellings tot 12 maande vooruit van die BBP (Bruto Binnelandse Produk) se ekonomiese groei maak en het boonop 'n sterk korrelasie met die aandelemark. Die indeks het nou vyf agtereenvolgende maande gestyg, wat op 'n ekonomiese herstel dui.

Soos hierbo genoem, het die wêreldwye ekonomie nou 'n groeifase binnegegaan wat in kontras is met die ses maande tydperk sedert die laaste kwartaal van 2008 tot en met die eerste kwartaal van hierdie jaar. Gedurende daardie (kredietkrisis-) tydperk van ses maande het sake- en verbruikerswakheid vinnig versprei tussen die meeste lande deur middel van handels- en finansiële skakels. Daar is met koorsagtigheid gepoog om likiditeit te verhoog en inventarisse (voorraad op hande) skoon te maak. Baie van hierdie kragte is nou omgekeer en sal na verwagting op mekaar staatmaak om 'n fase van baie sterk groei in te lui.

**Maar sal hierdie herstel volgehou kan word?**

## Verbruikersmonitor

Dit sal eers plaasvind wanneer die verbruiker (verteenwoordigend van die finale vraag) sterk terugkeer. Die grootste bedreiging vir herstel sal wees as die arbeidsmark onder erge druk bly.

Hieronder is 'n kort oorsig van sommige van die sleutelveranderlikes wat help om die huidige sterkte van die Amerikaanse verbruiker te meet:

- Amerikaanse huispryse het nou vir drie agtereenvolgende maande gestyg (Mei, Junie en Julie), nadat dit sedert Augustus 2006 elke maand gedaal het.
- Die verbruikersvertroue-indeks het in September meer gestyg as wat verwag is – die hoogste vlak sedert Januarie 2008.
- Amerikaanse kleinhandelverkope het in Augustus 2009 meer gestyg as wat verwag is.
- Amerikaanse netto rykdom het in die tweede kwartaal van 2009 met bykans $2 triljard gestyg, wat die eerste styging in huishoudelike rykdom is sedert die derde kwartaal van 2007 (sien grafiek hieronder).
- Amerikaanse persoonlike besparings het in Julie van 6% in Mei gedaal tot 4.2% van besteebare inkomste. Hoewel 'n daling in besparing beslis nie 'n 'positiewe' faktor is nie, dui dit tog daarop dat verbruikers effens meer gewillig is om 'n groter gedeelte van hul maandelikse inkomste te bestee.
- Die weeklikse werkloosheidseise in die VSA het in die algemeen 'n steeds dalende neiging getoon, hoewel steeds ietwat onoortuigend.
- Amerikaanse verbruikerskrediet het bly krimp en het in Julie 2009 'n rekord-daling van $2.1 miljard getoon. Hoewel 'n vermindering in verbruikerskrediet as 'n positiewe teken gesien kan word, impliseer dit tog dat verbruikers steeds besig is om skuld te vereffen, wat neig om algehele verbruikersaktiwiteit te demp.
- Origens is dit duidelik dat die meerderheid sleutelveranderlikes verwant aan Amerikaanse verbruikersaktiwiteite besig is om stadigaan in die regte rigting te beweeg. Die tempo van

agteruitgang het betekenisvol afgeneem. Dit hou goeie belofte in vir ‘n volgehoue herstel in 2010, hoewel dit steeds ‘n huiwerige en ondergemiddelde herstel sal wees.

